Tjokkie
WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

25 April 2025 Uitgawe: 2/2/2025

# UIT DIE KANTOOR

Die afgelope paar weke was die skoolprogram so bietjie ontwrig met al die vakansiedae en skool se verjaarsdag met die Kermis. Die komende week is weer 'n lekker vakansie vir die kinders. Hierdie vakansiedae plaas egter baie druk op die akademiese program van die skool. Daar sal beslis in die komende weke hard gewerk moet word om verlore tyd in te haal. Ek vra dat ouers die onderwysers sal help om leerders aan te moedig om gereeld huiswerk te doen en ook verlore werk in te haal, veral in die week wat hul by die huis is.

**Akademie:**

Die leerders het reeds 11 Mei hul rapporte vir kwartaal 1 ontvang. Hier en daar is daar uitvalle wat aangespreek moet word. Baie dankie aan al die ouers wat Dinsdagmiddag se oueraand bygewoon het. Indien u nie die afspraak kon nakom nie, nooi ek u uit om die betrokke onderwyser direk te kontak vir 'n afspraak indien u behoefte het.

Die toetsreeks vir Gr. 4-7 begin op Donderdag, 15 Mei. Die toetswerk sal op Maandag, 5 Mei aan die leerders uitgedeel word en nie vandag soos op die kalender aangedui is nie.

**Buitemuurs:**

Ons is altyd dankbaar as die Here ons seën met lieflike reën en ons mag nooit kla oor te veel reën nie. Die afgelope paar weke was egter uitdagend met die uiters hoë reënval, wat veroorsaak het dat heelwat oefeninge en wedstryde geskuif of afgestel moes word. Die vooruitsigte vir Mei-maand lyk egter baie beter en ons sien uit na die wedstryde wat voorlê.

Ons volgende Wesgrow-liga vind die naweek van 9 en 10 Mei plaas. Daar is heelwat leerders en personeel wat daarby betrokke gaan wees. Dit kan beteken dat die skool op Vrydag, 9 Mei ook vroeër as normaalweg sal uitkom. Hou asb. die kommunikasiekanale dop. Ons sal nader aan die dag die finale reëlings aan u deurgee.

Intussen vra ek ouers om die "google-vorm" wat reeds verlede week beskikbaar gestel is aan ouers te voltooi, sodat ons die finale getalle kan kry vir busvervoer en slaap in die koshuis. Die programme vir die twee dae is ook reeds aan u versprei vir u eie beplanning.

**ATKV-Applous Koorkompetisie:**

Op Maandag, 12 Mei neem Tjokkies se twee kore deel aan die ATKV-Applous Koorkompetisie. Hierdie leerders is reeds kliphard aan die oefen vir hierdie spoggeleentheid. U sal opmerk dat die Wesgrow-liga teen Willem Postma ook op daardie dag plaasvind. Die twee skole kommunikeer met mekaar om die wedstryde te probeer skuif. Sodra ons finaliteit het oor die dag sal dit aan ouers gekommunikeer word.

**Kommunikasiekanale:**

Gesonde kommunikasie tussen mense is van kardinale belang vir sukses. Dit geld in enige besigheid, huwelik en verhouding. So ook tussen die ouers en die skool.

Ek nooi ouers weereens uit om die skool gerus te kontak via die kanale wat geskep is indien u 'n klagte, navraag of voorstel het. Ek kry soms die gevoel dat ouers onder mekaar klankbord oor sekere dinge maar dat hulle nie dit wil rapporteer nie, uit bekommernis dat hul kinders geviktimiseer gaan word. Ek wil u die versekering gee dat dit nie die geval is nie en dat daar gereeld met personeel gepraat word om alle gesprekke met ouers en leerders met versigtigheid te hanteer.


Vir u gerief net weer die volgende e-pos adresse wat gebruik kan word met die persoon wat daarvoor verantwoordelik is vir navrae:

- bemarkingsnavrae@tjokkies.co.za – (Suzane Wille)
- sportnavrae@tjokkies.co.za – (Hennie Botha)
- kultuurnavrae@tjokkies.co.za – (Lizette Buys)
- dissiplinenavrae@tjokkies.co.za – (Hennie Botha)
- akademiesenavrae@tjokkies.co.za – (Karen Marais)
- algemenenavrae@tjokkies.co.ca – (Neels Gunter)
- annelize@tjokkies.co.za – (Annelize Pieters) Debiteure navrae
- daleen@tjokkies.co.za – (Daleen Vermaak) Krediteure navrae
- office@tjokkies.co.za – (Liezl Boshoff) Aansoeke, aflewerings, ens.
- bagelbloem@gmail.com – (Nico Botes) Snoepwinkel

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 25 April: | ATKV Redenaars (Bethlehem) |
| | Skool verdaag om 12:00 |
| 28 April: | Publieke vakansiedag |
| 29 Aril: | Skool vakansiedag |
| 30 April: | Skool vakansiedag |
| 1 Mei: | Werkersdag |
| 2 Mei: | Skool vakansiedag |
| 5 Mei: | Skool open normale tyd |
| | Rugbyliga @ Saint Andrews (sekere spanne) |
| 7 Mei: | Rugby @ Saint Andrews (sekere spanne) |
| | H/S Sentraal Opedag (Gr. 7) |
| 8 Mei: | Netballiga vs Onze Rust |

# VERJAARSDAE



27 April: Juf. Louise Jacobs (Nuwe Gr. 3-onderwyseres)

5 Mei: Juf. Ilne Erasmus (Gr. 3)

7 Mei: Juf. Anne-Marie Claassen (Gr. 3)

8 Mei Juf. Leandri Kruger (Gr. 3)

# ANDER

**Leerdergesondheid:**

Ek het vroeër in die week 'n skrywe uitgestuur rakende die "Hand-voet-en-mondsiekte" (HVMS) oftewel Coxsackievirus wat tans die rondte doen in skole.

Daar is ook enkele gevalle by die skool aangemeld.

Ek rig tog weer 'n ernstige beroep op ouers om hul kinders fyn dop te hou en te monitor vir enige simptome van die siekte. Besoek asseblief 'n dokter as u onseker is en sorg dat die kinders die nodige medikasie kry.

https://www.mayoclinic.org/diseases-conditions/hand-foot-and-mouth-disease/symptoms-causes/syc-20353035

Besoek gerus hierdie webadres vir meer inligting.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Lootjies: Alle lootjieboekies en gelde moet asseblief **Maandag, 5 Mei** ingehandig word by klasonderwyser. Ook boekies en lootjies wat nie verkoop is nie.

# AFRIKAANS MY TAAL

Afrikaans vier sy 100ste verjaarsdag as amptelike landstaal op 8 Mei 2025.

Tjokkies wil deel in hierdie mylpaal met die TEMA:

100 jaar ... 100 min. ...100 boeke

Hoe kan ek deelneem?

| |
|---|
| Skenk 'n kinder-vriendelike boek uit jou boekrak<br>vir die ouderdom 6-9 jaar<br>MAAR onthou - ons het 100(de) ou boeke uitgehaal …<br>so ons soek 100(de) nuwer boeke<br>vir ons nuwe Tjokkie-generasie.<br>**Wanneer: 8 Mei tot 10 Junie**<br>**Handig in by juf. Rozanne** |

**Kom lees vir 100 minute…**

**Spanne van 5 lees vir 20 min…**

**5 maats 5 gesinslede 5 onderwysers**

**Koste**: R20 per spanlid
(Trek volgens 'n tema aan as jy wil / kom net soos jy is) **Solank jy net kom lees**

**Wat moet ek bring?** Bring 'n piekniekkombers en jou eie boek

**Plek**: Op die gras, in die koelte voor die nuwe skuifdeur van biblioteek

**Wanneer**: Kies 'n middag, enige tyd van 2 tot 4
Di 13 Mei, Ma 19 Mei, Di 20 Mei, Ma 26 Mei

Inskrywings betaalbaar kontant.

**Dankie vir almal se ondersteuning met die boekuitstalling. Indien enige iemand nog boeke wil aankoop, besoek gerus Protea Boekwinkel by Bloemgate en meld dat u van Tjokkies is.**


## VAN DIE MAMMAS WAT BID

Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.   Mattheus 5:16

Wat is jou doel op aarde? Om raakgesien te word? Om iemand belangrik te wees in hierdie wêreld?  Om jou drome uit te leef ongeag?  Ons is hier om Hom en Hom alleen te verheerlik.

God van die hemel en die aarde help ons om ons doel hier op aarde uit te leef en dit is om U Naam groot te maak.  Help ons dat ons lig sal skyn, sodat U verheerlik sal word.  Amen


## SNUFFELS




Kia Seltos
Own your journey
From
R 4 799pm
Cash Price
Deposit
Terms in months
Balloon
On a step payment plan.
R399 995
10%
72
0
Ts & Cs apply. E & OE.




Vir meer inligting kontak gerus vir Ryno Rautenbach by: 072 2222 125



# Plan, Protect and Grow your Wealth

so you can focus on what truly matters—raising happy, successful kids (without the financial stress).
Because let's be honest, life is expensive enough without surprise expenses!



## OUR SERVICES

- Life
- Investments
- Health
- Vitality
- Bank
- Business Insurance
- Fiduciary

## Let's chat about your family's future!


**Eddie Dreyer:**

**079 495 0740**

**eddie.dreyer@attooh.co.za**


attooh!